# Hoofstuk van die dag: Sagaria 7

> *Sê vir almal in die land en vir die priesters: Julle vas en treur nou al sewentig jaar lank in die vyfde en in die sewende maand, maar vas julle tot my eer? (vers 5)*

Dit is twee jaar ná die naggesigte. Die tweede tempel is byna

voltooi, en die mense wil weet of hulle steeds die vasdag moet hou in herinnering van die verwoesting van die eerste tempel. Die Here se antwoord is skerp. Hulle wéét wat om te doen. Dit word al jare vir hulle gepreek (vers 7; vgl Jes 58:1-9).
Ons sit met dieselfde probleem. Ons hoor jare lank die boodskap, maar val alte maklik vas in 'n strakke godsdienstigheid. Kerklidmaatskap en selfs erediensbywoning alleen beïndruk nie die Here nie. Dit moet gepaard gaan met gehoorsaamheid. Gee vir mekaar om (vers 9) en moenie die kwesbares in die samelewing miskyk nie (vers 10).
Dis nie 'n nuwe boodskap nie. Ons kan dit almal uit die kop opsê: Ons moet God en ons naaste liefhê (Jesus se onderrig in Luk 10:27). Wat die Here by monde van Sagaria onderstreep, is dit: Eers as ons liefde vir Hom sigbaar word in ons verhouding en optrede teenoor ons naaste, aanvaar Hy dat ons Hom regtig liefhet.

© Bybelkoerant 2018 – 2026